***Tema: Onselfsugtige liefde***

***Skriflesing: Fil. 2: 1-13; 1 Kor. 13:5***
***(Die liefde soek nie sy eie belang nie)***

**<u>Praktiese opdrag:</u>**

**Watter vaardighede het die Here my gegee waarmee ek ander kan help en van diens kan wees?**

**Wie moet ek gaan dien al vermoed ek ek gaan basies niks daaruit terugkry nie?**

**Hoe kan ek my kinders begelei en leer om meer onselfsugtig te lewe?**

ACVV het Kontreispens oorgeneem met die oog daarop om fondse te genereer om die nood in die dorp te ondervang.
ACVV Kontreispens is nie op winsbejag ingestel nie en alle fondse wat gegenereer word word direk teruggeploeg in noodleniging en sosiale hulp.
Op Sondae gaan ons net tradisionele Sondag middagetes en poeding @ R60-00 bedien om 12h00, en hierdie etes moet vooraf by Kontreispens bespreek word.
Ondersteun asseblief hierdie projek. Ons sien daarna uit om saam met u te kuier!

***<u>Kennisgewing: Maart Teebeurt: (Anena Loots se omgeegroep)</u>***

***Almal word hartlik uitgenooi om na afloop van die erediens 'n lekker koppie tee in die Kelder te kom geniet.***

**NED GEREF GEMEENTE SWARTLAND-NOORD**

# AFKONDIGINGS

**WELKOM BY VANOGGEND SE EREDIENS!**

## 3 MAART 2013

**Tel nr: 022 482 1407** **e-pos: admin@ngksn.co.za**
**webtuiste : www.ngswartlandnoord.co.za**

"Dis nie wat jy doen wat saak maak nie, maar hoeveel liefde jy daarin stort".

Rick Warren

***<u>Program van die week</u>***

**<u>Vandag</u>**
**<u>4de Lydensweek</u>**
**09:30 Doopdiens: Ds Jan Steyn**
Die doop word bedien aan baba Herlu Smith, seuntjie van Marius en Yvette Smith. Baie geluk! Ons verwelkom ook graag hul familie en vriende wat hierdie spesiale dag met hulle deel!!
Deuroffer: Jeugbediening Plaaslik
**Kinderkerk & Kategese**

**<u>Dinsdag, 5 Maart 2013</u>**
Mansbybelstudie 06 :30

**<u>Woensdag, 6 Maart 2013</u>**
Biduur ACVV Dienssentrum 09 :30
Sendingondersteuners 16 :00

**<u>Donderdag, 7 Maart 2013</u>**
JB Groep 19 :00 Moedergemeente Kerksentrum

**<u>Vrydag, 8 Maart 2013</u>**
Gebedsvriendinne 09 :00

**<u>Volgende Sondag ,10 Maart 2013</u>**
**<u>5de Lydensweek</u>**
**09:30 "Commitment diens"**
**Ds Jan Steyn**
Deuroffer: Getuienis Plaaslik
**Kinderkerk & Kategese**
**18:30 Space (Tieners)**

**<u>Nuwe Intrekkers</u>**

Jaco, Annelize, Zinandi en Jandré, Mans, Werdmullerstraat 12.

**Baie welkom!**
**Mag jul verblyf in Swartland-Noord baie geseënd wees!!**

**Raak betrokke by omgeegroepe en ander aksies!**

Baie geluk aan Appie en Jacolien van der Merwe, Pastorielaan 4, met die geboorte van hul kleindogter, Pippa-Mari, eersteling van Wiena en Quintus van Wyk van Stellenbosch.

Let asb. daarop dat die "Commitment diens" en bring en braai vevroeg word vanaf 17 Maart na 10 Maart.

## *Het jy geweet ...*

Neem asb. kennis dat daar Dinsdagoggende van 6h tot 7h ‘n mansgroep in die Kelder bymekaar gaan kom, wat vir die 6 weke by die Veldtog gaan inskakel.

**Roei op die Oranje**
**1-6 April 2013**

Belangstellendes kan volledige inligting by Swartland kerkkantoor 48 22411 of Swartland- Noord kerkkantoor 48 21407 kry.

**Kostes**: R950 p/p; **dep**. R350 p/p betaalbaar teen 28 Februarie 2013.

**Navrae**: Ds. Johan O’Kennedy
084 583 3158

Let asb. daarop dat die Ouerskap Kursus, volgens almanak wat op 5 Maart begin by Moedergemeente Kerksentrum plaasvind.

Huis Andrew Murray:Behoeftes vir 2013

Die jaar 2013 is weer volstoom aan die gang. Ons kinders is terug na die vakansie en ons is besig om dinge te beplan om ook in 2013 in ons kinders se nood te kan voorsien om VOLUIT TE LEEF!

**‘n Lys van behoeftes van ons verskillende huise, en projekte is by Swartland-Noord Kerkkantoor beskikbaar.**

Miskien staan enige van die items wat benodig word in onbruik in u huis.

Items kan by die Kerkkantoor afgegee word.

Baie dankie dat ons weereens op u kan staatmaak om te voorsien in Huis Andrew Murray se behoeftes.

Vanaf Sondag, 10 Maart, gaan ons begin met aand-byeenkomste in die boonste gedeelte van die Saal. Hierdie byeenkomste sal om 18:00 gehou word, en is gemik op almal wat ‘n behoefte het aan die Woord op ‘n Sondagaand, en op dié wat nie die oggenddienste kon bywoon nie.

**Gelukwense:**

Baie geluk aan tannie Hannie Greeff, Millenniumsingel 5, wat vandag verjaar. Ons hoop dit is ‘n geseënde dag en lewensjaar!

**Kom ons doen voorbidding vir...**

Riaan Müller en familie, Langstraat 42, met die heengaan van sy moeder.

Elkeen wat deur ‘m moeilike tyd gaan.

**Porterville Familiefees**

Soos talle van julle bewus is, het Porterville jaarliks ‘n Christusfees aangebied. Daar is besluit dat die fees nie in 2013 aangebied word nie.

MAAR die einde van die Christusfees, is weer die begin van ‘n nuwe seisoen. En daarom is ons dankbaar om te kan sê dat die Christusfees nou vervang is met die PORTERVILLE FAMILIEFEES met tema: ***Draai terug na God (Turn2God)*.**

9-10 Maart 2013
Spreker: **Ds Elza Meyer van Turn2God Ministries**
NG Kerksaal Voortrekkerstraat Porterville
Navrae en Kaartjies: Annamari de Lange
022 931 2250 of ngport@cybersmart.co.za

**Maandag, 25 Maart om 19:00 in Saal:**

Musiekaand met plaaslike kunstenaars. Kaartjies teen R25 per persoon (verversings ingesluit) is beskikbaar by Johanna Smit, Loubserstraat 4.

Kontaknr. 022 482-3651 / 082 979 2814.

**KENNISGEWING:**

Ons is dringend opsoek na 4 Paidion fasiliteerders vir Graad 4-6. Kontak vir Ds. Jan Steyn by 082 872 4314 of Anina Hardcastle by 083 782 1364.

***Belangrike Kontak Nommers***
***Ds George Prinsloo***
***Huis 482-3664***
***Kantoor 482-4600***
***( 08:30 tot 12:30)***
***Sel / 083 447 6166***
***Ds Jan Steyn Huis 487-2763***
***Sel / 082 872 4314***
***Pastorale Berader:***
***Theresa van Vreden***
***083 310 3823***